HALFJAAREKSAMEN *[Nasienriglyne bl. 125; Antw. boek bl. 139]*

Punte: 200 **Tyd: 2 uur**

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Hierdie vraestel bestaan uit vyf vrae.
2. Beantwoord AL die vrae in die gegewe antwoordboek.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Jy kan 'n swart/blou pen of 'n donker potlood gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Gebruik die volgende tabel en tydsgids om jou by te staan met tydsbestuur.

VRAAG 1: 40 punte; 20 minute	
ONDERWERP:	**ASPEK/AFDELING GEDEK:**
Begrippe en Kontantjoernale	• Basiese begrippe. • Voorbereiding van die Kontantontvangstejoernaal en Kontant-betalingsjoernaal
VRAAG 2: 45 punte; 30 minute	
ONDERWERP:	**ASPEK/AFDELING GEDEK:**
Algemene Joernaal en Hulp-grootboeke	• Berei Algemene Joernaalinskrywings voor • Voltooi Debiteuregrootboek- en Krediteuregrootboekrekeninge • Interne kontroles
VRAAG 3: 30 punte; 20 minute	
ONDERWERP:	**ASPEK/AFDELING GEDEK:**
Algemene Grootboek	• Oorboek na spesifieke rekeninge van joernaal totale
VRAAG 4: 30 punte; 15 minute	
ONDERWERP:	**ASPEK/AFDELING GEDEK:**
Salarisse	• Ontleding en berekening van salarisskaal • Berei 'n salarisadvies voor
VRAAG 5: 55 punte; 35 minute	
ONDERWERP:	**ASPEK/AFDELING GEDEK:**
Waardevermindering en kortvrae	• Waardevermindering: berekeninge en oorboek. • Sluitingsopdragte en die Handelsrekening • BTW-begrippe en berekeninge

VRAAG 1: BEGRIPPE EN KONTANTJOERNALE (40 punte; 20 minute)

1.1 BEGRIPPE [5]

Kies die korrekte term van die lys wat die onderstaande stelling die beste beskryf. Skryf net die antwoord langs die nommers (1.1.1 – 1.1.5) in die antwoordboek.

Kapitaalbydrae; die dubbelinskrywingbeginsel; Kleinkas; Wisselgeld; Onttrekkings; Laste; Vaste bates

1.1.1 Vir elke debietinskrywing is daar 'n ooreenstemmende kredietinskrywing in die grootboek.
1.1.2 Besittings van die onderneming wat 'n lewensduur van meer as 'n jaar het.
1.1.3 Skuld van 'n onderneming**.**
1.1.4 Die eienaar se belegging in 'n onderneming
1.1.5 Geld wat gebruik word om klein kontantbetalings te betaal sodat bankkoste vermy kan word.

1.2 ROSE HANDELAARS [35]

Die volgende transaksies verskyn in die boeke van Rose Handelaars vir Maart 20.8.

GEVRA:

Boekstaaf die volgende transaksies in die toepaslike Kontantjoernale vir Maart 20.8. Vul jou eie dokumentnommers in. **Moenie die joernale totaliseer nie.**

TRANSAKSIES GEDURENDE MAART 20.8:

Datum	**Transaksie**	**Bedrag**
2	EFO-betaling aan Telemix om die Maart 20.8 telefoonrekening te betaal.	R2 282
	Namibië Bank het 'n deposito direk in die bankrekening in betaal. Dit was 'n lening wat gedurende Februarie 20.8 teen 11% p.j. rente aangegaan is.	R90 000
4	Kontantverkope vir die week. Goedere word teen 'n winsopslag van 60% op kosprys verkoop.	R12 800
	Ontvang 'n EFO-betaling van R. Ridge vir die Maart huur.	R7 200
6	Ontvang 'n aflewering van handelsvoorraad wat van Milo Winkels aangekoop is. Prosesseer 'n EFO-betaling vir die bedrag.	R18 300
7	EFO-betaling aan Star Vervoer wat die bostaande voorraad afgelewer het.	R1 520
10	Betaal Transkei Cash & Carry elektronies vir die volgende: • Handelsgoedere • Rekenaar vir kantoorgebruik	 R8 400 R9 500
12	Ontvang 'n EFO-betaling van B. Lion ('n debiteur) ter vereffening van sy rekening van R4 700.	R4 585
15	Betaal per EFO aan Samsung Winkels ('n krediteur) as gedeeltelike betaling van ons rekening. Ontvang 'n 5% korting op hierdie bedrag.	R8 200
29	Die bankstaat van Rhemin Bank toon die volgende:	

- Diensgeld R126; kontant depositofooie R64; kredietkaartheffing R125; rente op oortrekking R356.
- Debietorder betaling aan Suidwes-Versekeraars vir die eienaar se motor. R1 350

VRAAG 2:
ALGEMENE JOERNAAL EN HULPGROOTBOEKE (45 punte; 30 minute)

Die onvoltooide Debiteuregrootboekrekening van S. Rugbar en die onvoltooide Krediteuregrootboekrekening van Hoosain Verskaffers geneem uit die boeke van Singh Handelaars word hier onder gegee.

GEVRA:

2.1 Verwys na **Inligting B.**
Berei Algemene Joernaalinskrywings vir die gelyste transaksies voor. (15)

2.2 Voltooi die Debiteuregrootboekrekening en die Krediteuregrootboekrekening deur die ontbrekende besonderhede, folio's, bedrae asook die toepaslike transaksies van die Algemene Joernaal in te vul. (20)

2.3 Joyce, die eienaar, wil verseker dat slegs betroubare mense krediet in haar onderneming ontvang. Watter inligting moet sy van applikante verkry voordat hulle toegelaat word om rekeninge te open? Gee DRIE punte en 'n rede in elke geval. (6)

2.4 Gee TWEE interne kontrolemaatreëls wat Joyce kan gebruik om te verseker dat debiteure hulle rekeninge betyds betaal. (4)

INLIGTING:

A. DEBITEUREGROOTBOEK VAN SINGH HANDELAARS
S. RUGBAR **DG3**

Datum		Besonderhede	Fol	Debiet	Krediet	Saldo
20.8 Sept.	1	Saldo /Rekening gelewer	a/b			7 200
	4	*	KOJ		4 200	3 000
		*	*	*	*	2 790
	12	Faktuur No 122	*	*	*	5 430
	15	*	DAJ	*	*	5 298
	18	Geweierde tjek (v/t)	KBJ	*	*	*

- 4de : Ontvang 'n betaling van S. Rugbar as 'n gedeeltelike betaling van sy rekening. Korting is aan hom toegestaan toe hy hierdie betaling gemaak het.
- 15de 'n 5% afslag op beskadigde goedere wat op die 12de verkoop is, moet in ag geneem word.

KREDITEUREGROOTBOEK VAN SINGH HANDELAARS
HOOSAIN VERSKAFFERS **KG3**

Datum		Besonderhede	Fol	Debiet	Krediet	Saldo
20.8 Sept.	1	Saldo /Rekening Gelewer	a/b			18 450
	5	Tjek No 431	*	*	*	13 200
	15	Faktuur Nr. 629	*	*	*	17 160
	17	*	KAJ	*	*	16 620

B. Addisionele inligting:

(i) Die betaling van S. Rugbar op die 4de is nie deur die bank geprosesseer op die 18de nie weens onvoldoende fondse. Hierdie bedrag is in die betrokke joernaal geboekstaaf. Die korting moet gekanselleer word.

(ii) Belas S. Rugbar met rente op 'n agterstallige bedrag van R1 200 teen 12,5% p.j. vir twee maande.

(iii) Goedere van Hoosain Verskaffers op die 24ste aangekoop, is per ongeluk na die rekening van Hoose Handelaars in die Krediteuregrootboek, R2 280, oorgeboek.

(iv) Debiteur B. Mylie is insolvent verklaar. Ontvang R945 van sy insolvente boedel. Dit was 60% van sy uitstaande rekening. Die balans moet as oninbaar afgeskryf word.

VRAAG 3: OORBOEKING NA DIE ALGEMENE GROOTBOEK

(30 punte; 20 minute)

3.1 BEGRIPPE [5]

Kies die korrekte woord uit die alternatiewe tussen hakies. Skryf die woord langs die nommers 3.1.1 – 3.1.5 in die antwoordboek.

3.1.1 'n **(Debiteur/krediteur)** is 'n bedryfslas vir die onderneming.
3.1.2 Die brondokument vir 'n betaling per debietorder vir advertensies is 'n (**tjekteenblad/ bankstaat).**
3.1.3 Die banktotaal van die Kontantontvangstejoernaal word aan die **(debiet-/krediet-)** kant van die bankrekening in die grootboek geboekstaaf.
3.1.4 Klein kontantbetalings om bankkoste te vermy word uit (**wisselgeld/kleinkas**) betaal.
3.1.5 Lone is 'n voorbeeld van 'n **(Staat van Finansiële Posisie Rekening/Nominale-rekening).**

3.2 TONY HANDELAARS [25]

Die joernaaltotale vir Maart 20.8 word hier onder gegee.

GEVRA:

Boek oor na die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek. Saldeer net die Handelsvoorraad- rekening. Die winsopslag is 60% op kosprys.

3.2.1 Handelsvoorraad (12)
3.2.2 Debiteurekontrole (7)
3.2.3 Krediteurekontrole (6)

INLIGTING:

A. Saldo's op 1 Maart 20.8:

Handelsvoorraad	R43 210
Debiteurekontrole	23 280
Krediteurekontrole	32 170

B. Totale van die joernale op 31 Maart 20.8

Kontantontvangstejoernaal

Bank	R62 050
Verkope	29 600
Koste van verkope	18 500
Debiteure: Ontvangste	**(i)**
Debiteure: Korting toegestaan	640
Diverse rekeninge	22 950

Kontantbetalingsjoernaal

Bank	R52 980
Handelsvoorraad	**(ii)**
Debiteurekontrole	3 120
Krediteure: Betalings	12 640
Krediteure: Korting ontvang	2 100
Diverse rekeninge	8 820

Krediteurejoernaal

Krediteurekontrole	R **(iii)**
Handelsvoorraad	19 750
Toerusting	5 500
Verpakkingsmateriaal	2 880
Diverse rekeninge	1 950

Krediteure-afslagjoernaal

Krediteurekontrole	R4 810
Handelsvoorraad	3 770
Toerusting	350
Verpakkingsmateriaal	200
Diverse rekeninge	490

Debiteurejoernaal

Verkope	R19 840
Koste van verkope	**(iv)**

Debiteure-afslagjoernaal

Debiteure-afslag	R3 630
Koste van verkope	1 180

VRAAG 4: SALARISSE (30 punte; 15 minute)

4.1 SALARISSKAAL [11]

W. Shange ontvang haar aanstellingsbrief van Marino Bazaar. Sy ontvang die volgende salarisskaal.

135 000 x 14 640 – 178 920 x 16 920 – 229 680

4.1.1 Bereken Shange se maandelikse salaris in haar eerste jaar van indiensneming. (2)
4.1.2 Wat sal haar jaarlikse salaris in haar vierde jaar van indiensneming wees? (3)
4.1.3 Wat sal haar maandelikse verhoging in haar 6de jaar van indiensneming wees? (2)
4.1.4 Hoeveel jaar moet sy werk voordat sy R229 680 p.j. bereik? (4)

4.2 SALARISADVIES: BEREKENINGE [19]

Me. Wright is die Menslike Hulpbronbestuurder by Bergstraat Handelaars. Piet Mashanga is as die junior klerk in die Aankope Departement aangestel. Hy begin op 1 Januarie 20.7 werk**.**

GEVRA:

4.2.1 Voltooi die salarisadvies van Piet Mashanga op 31 Oktober 20.7. (12)

4.2.2 Bereken die totale salarisuitgawe van die onderneming met betrekking tot Piet Mashanga vir Oktober 20.7 (sluit al sy voordele in). (7)

INLIGTING:

- Piet verdien R173 160 p.j. vir die huidige jaar.
- Alle werknemers ontvang 'n produksiebonus gelykstaande aan 30% van hulle basiese jaarlikse salaris gedurende Oktober.
- Aftrekkings/bydra:

Aftrekkings	Van werknemer se salaris	Werkgewersbydrae
Pensioenfonds	8% van basiese salaris	R1,50 vir elke R1 deur die werknemer bygedra.
SAID: LBS	17% van belasbare inkomste (bruto)	
WVF	1% van basiese salaris	1% van basiese salaris
Mediese fonds	R888 per maand	Rand-vir-Rand

- Die werkgewer dra ook 1% van die werknemers se basiese salaris tot die Vaardigheidsontwikkelingheffing by.

VRAAG 5: WAARDEVERMINDERING & KORT VRAE

(55 punte; 35 minute)

5.1 AARP [5]

Pas die AARP-beginsels in kolom A by die voorbeelde gegee in kolom B. Skryf net die letter (A – E) langs die nommers (5.1.1 – 5.1.5) in die antwoordboek**.**

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Paring	A	Die onderneming se briefhoofde (skryfbehoeftes) word drie jaar vooruit gedruk en word as skryfbehoeftes voorhande geboekstaaf.
5.1.2	Omsigtigheid	B	Die eienaar se persoonlike selfoonrekening word deur die onderneming betaal, maar word as onttrekkings aangetoon.
5.1.3	Lopendesaak	C	Versekering wat vir die volgende finansiële jaar betaal is, word as 'n vooruitbetaalde uitgawe geboekstaaf.
5.1.4	Historiese kosprys	D	Verbruiksgoedere ter waarde van R6 000 moet afgeskryf word, aangesien dit nie gevind kan word nie.
5.1.5	Onderneming entiteit	E	Eiendom word teen R5 000 000 in die finansiële state geboekstaaf, al is die markwaarde tans R8 000 000.

5.2 BONGI SE AFLEWERINGSDIENSTE [24]

Sarah Bongi is die eienaar van Bongi se Afleweringsdiens. Die inligting hou verband met die vaste bates van die onderneming vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 20.8.

GEVRA:

5.2.1 Verduidelik kortliks waarom waardevermindering op vaste bates afgeskryf word. (2)

5.2.2 Bereken die waardevermindering op voertuie en op toerusting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 20.8. (10)

5.2.3 Boek oor na die volgende Algemene Grootboekrekeninge:
- Voertuie (saldeer die rekening) (5)
- Waardevermindering (moenie saldeer/totaliseer nie) (3)

5.2.4 Sarah voel dat die afleweringsvoertuig se uitgawes hoër as verwagting is. Gee TWEE interne kontrolemaatreëls wat sy kan gebruik om vas te stel of sy korrek is of nie. (4)

INLIGTING:

A. Saldo's en totale op 28 Februarie:

	20.8	20.7
Voertuie	552 000	384 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	?	172 800
Toerusting	288 000	288 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	?	135 750

B. 'n Nuwe voertuig is op krediet op 1 November 20.7 aangekoop.

C. Waardevermindering op voertuie word teen 15% p.j. op die kosprysmetode afgeskryf en waardevermindering op toerusting word teen 20% op die verminderdesaldo-metode afgeskryf.

5.3 KORT VRAE [26]

5.3.1 FINALE REKENINGE

Die volgende saldo's hou verband met Playvin Handelaars op 30 April 20.8, die finansiële jaar einde.

GEVRA:

(i) Berei AL die sluitingsoordrag joernaalinskrywings vir die Handelsrekening voor deur van die onderstaande inligting gebruik te maak. Omskrywings word nie gevra nie. (9)

(ii) Boek oor na die Handelsrekening in die Algemene Grootboek. (4)

INLIGTING:

Totale op 30 April 20.8, die finansiële jaareinde:

Verkope	R1 413 720
Koste van verkope	1 020 750
Debiteure-afslag	17 970

5.3.2 BTW

(i) Toon aan of die volgende stellings waar of onwaar is.

(a) Alle ondernemings moet as BTW-verskaffers registreer.
(b) Noodsaaklike goedere soos brood en melk word teen 0% belas.
(c) Belasting word aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank betaal. (3)

(ii) Kies die korrekte woord/e uit die alternatiewe tussen hakies.

(a) BTW is 'n (direkte/indirekte) belasting.
(b) BTW ontvang van verkope word as (BTW-uitset/BTW-inset) beskou. (2)

(iii) Bereken die ontbrekende bedrae op die tabel. Let daarop dat die huidige BTW-koers 15% is en dit is op al die bedrae op die tabel van toepassing. (8)

	Bedrag BTW uitgesluit	**BTW bedrag**	**Bedrag BTW ingesluit**
Kontant en krediet aankope van voorraad	R88 450	*	
Kontant ontvang van klante		*	R87 400
Beskadigde goedere teruggestuur deur klante		R15 480	*
BTW op uitgawes	R66 540	*	R76 521